NHSV Dinamies vorentoe
80 1940 - 2020
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).

5 Maart 2020

OMSENDBRIEF 1/ 2020

AAN ALLE VROUELIDMATE

Liewe NHSV Dames

Daar word ‘n mooi storie vertel van die Engelse skrywer Louis Robert Stevenson. As kind het hy een aand voor die venster gestaan en kyk hoe ‘n man die outydse gaslampe in hulle straat aansteek. “Kyk daar buite,” het klein Robert opgewonde na sy ma geroep. “Daar is ‘n man besig om gate in die donker te maak!”

Daar is beslis geen beter tyd as nou om ligdraer vir God te wees nie! Wat ‘n heerlike uitdaging om, te midde van al die onrus, geweld, sosiale en ekonomiese krisisse, met die wapens van Christus se liefde, gate in die heersende donkerte rondom ons te maak nie?

God het vir my en jou geskape om lig te gee in ‘n donker wêreld. Om *verskilmakers* te wees. Om liefde rondom ons te versprei.

Ons NHSV tema vir 2020 is dan ook: **Lééf die Liefde** “Laat julle lig so voor die mense skyn …” Matt 5: 16. Daar is soveel maniere hoe ons in ons wêreld elke dag ‘n voorbeeld kan stel van hoe om die Liefde te Lééf. Kom ons takke beywer ons hierdie jaar om op enige moontlike wyse liefde uit te dra in ons gemeentes en gemeenskappe om sodoende “ons liggies” te laat skyn!

Ons vra u aandag vir die volgende sake:

1. 49ste NASIONALE KONGRES

Die NHSV vier hierdie jaar haar 80ste verjaardag! Ons gaan dit dan ook op kreatiewe, en gepaste wyse herdenk tydens die 49ste Nasionale Kongres wat vanaf 14 – 16 Junie 2020 plaasvind.

Die Nasionale Kongres vind plaas by Batter Boys in Pretoria. Die openingsaand sal plaasvind by gemeente Wonderboom. Koste beloop R880 per persoon. Volledige inligting in verband met die Kongres sal eersdaags volg.

Die oproep en geloofsbrief word as ’n aparte omsendbrief aan elke tak versend. Ons versoek dat u dit so gou moontlik sal invul en terugbesorg aan die NHSV kantoor.

Ons doen ‘n beroep op takke om moeite te doen om soveel as moontlik van hulle lede die blootstelling te gee aan ‘n Nasionale Kongres. Die Hoofbestuur versoek sterker takke om takke wat dit nodig het, finansieel te ondersteun en die NHSV kantoor hieroor in te lig. Takke wat hulp nodig het, moet die Hoofbestuur kontak. Die kongresfooi en brandstofkoste van een motorvoertuig sal betaal word.

Takke wat van hierdie aanbod gebruik wil maak, moet die NHSV kantoor of die sekretaris so gou as moontlik skriftelik laat weet.

Daar word ook aan ons takke gevra om nou reeds te begin om Toiletware en benodigdhede vir tienerdogters (bv sanitêre doekies, deodorant, handeroom, ens) bymekaar te maak sodat u dit na die Nasionale Kongres kan saambring. Meer volledige inligting hieroor sal later volg.

2. NHSV WEBBLAD

Ons nooi u uit om ons webblad te besoek. Hierop is ook ‘n skakel waar u kan ingaan om die V*roueflitse* te lees wat elke kwartaal verskyn. Gedurende 2019 het artikels rakende die hantering van trauma, bv. ’n kind se dood, kinders wat emigreer, borskanker en hoe ons met ’n veranderde lewe na trauma moet saamleef, verskyn.

Die Christelike Vrou is steeds elektronies beskikbaar op ons webblad met ’n verskeidenheid leesstof en selfs ‘video-flitse’ waarby elkeen van ons pitkos sal vind.

Takvoorsitters kan gerus alle vrouelidmate aanmoedig om die NHSV se webblad te besoek om ons publikasies aanlyn te lees. E-pos adresse kan ook aan die NHSV kantoor gestuur word om outomaties *Vroueflitse* en *Die Christelike Vrou* te ontvang. (www.nhsv.org.za)

3. BESTUURSLEDE/KERNKOMITEE IN U GEMEENTE

Die NHSV Hoofbestuur sal dit opreg waardeer indien u die besonderhede en kontaknommers van u bestuurslede/kernkomitee so gou moontlik na afloop van u bestuursverkiesing aan die NHSV kantoor kan deurstuur. Dit vergemaklik die kontak en versending van posstukke na die korrekte persoon en portefeulje. Gebruik asseblief die aangehegte vorm vir hierdie doel. U kan dit faks na 086 274 0466 of e-pos na admin@nhsv.org.za. Alle omsendbriewe en korrespondensie word elektronies vanuit die kantoor versend.

4. FINANSIES

4.1 OUDITERING VAN BOEKE

Die NHSV Hoofbestuur doen weereens ‘n beroep op takke om hulle boeke deur Interne Oudit te laat nasien, aangesien die NHSV en Raad van Finansies ‘n groot deel van takke se ouditkoste borg, ouditkoste relatief bekostigbaar is en daar beter kontrole is. Dit dra daartoe by dat ons Hoofbestuursverslag teen die jaareinde meer akkuraat is, aangesien ons ‘n beter beeld het van die bedrae geld wat deur takke bygedra was vir barmhartigheid.

Kontak asseblief die Interne oudit afdeling vir enige navrae:
Landlyn: 012 322 8885 uitbreiding 3017
Adres: NH Kerkkantoor, Swaanstraat 129, East Lynn, Pretoria 0186

4.2 VERPLIGTE UITBETALINGS: MEI 2020

Takke word daaraan herinner dat tydens die uitbetalings vir 2020, die volgende as riglyn gebruik kan word:

- Bejaardesorg- en Inrigtingsfonds is R1,00 per fonds per belydende lidmaat per jaar.
- Hoofbestuur (Administrasiefooi): minstens R350
- Borgfonds vir Monumenttehuise: R300

Die Borgfonds vir Monumenttehuise is 'n fonds wat by elke tehuis gebruik word om inwoners te help wat nie hul eie huurgeld vir inwoning ten volle kan betaal nie of nie kinders het wat kan help nie. Daar is wel takke wat meer tot hierdie fonds bydra; ontvang hiermee ons opregte dank daarvoor.

Gebruik asseblief die **nuutste betaalstaat** wat as **bylaag** aangeheg is. Indien u 'n elektroniese oorbetaling doen, of direk inbetaal, epos asseblief die betaalstaat, asook die depositostrokie aan die NHSV Hoofbestuur na finansies@nhsv.org.za. Tesouriere moet asseblief ook hulle name en selfoonnommers op die betaalstaat aanbring.

4.3 VERDERE BARMHARTIGHEIDSUITBETALINGS: AUGUSTUS 2020

Hier volg die riglyn vir die Barmhartigheidsuitbetalings:

- Monumenttehuise – word spesifiek vir Monumenttehuise geallokeer na gelang van behoefte
- Bejaardesorg – word aangewend vir Bejaardesorg nasionaal
- Beurse en Lenings
- Armoedeverligting
- Christelike Vrou

4.4 NHSV BEURSE EN LENINGS

Die NHSV ken jaarliks Beurse en Lenings toe aan Hervormde studente vir tersiêre studies in enige rigting. Die tweede Sondag in Februarie se deurkollektes word geoormerk vir hierdie verdienstelike saak. Die NHSV Hoofbestuur wil graag elke lidmaat, gemeente en NHSV tak opreg bedank vir elke bydrae, hoe gering ook al, wat reeds oorbetaal is aan die Hoofbestuur. Gemeentes se ruim bydraes het weer eens tot gevolg gehad dat daar hierdie jaar aan 49 studente 'n bedrag van R475 000 toegestaan kon word.

5. ONDERSTEUNING AAN PREDIKANTSPARE/NHSV VOORSITTERS/EMERITI

Die feit dat dit nodig is om na predikantsvroue/NHSV voorsitters uit te reik en hulle te bemoedig, word steeds beklemtoon. Op dieselfde wyse, moet ook uitgereik word na predikantspare en emeriti predikantspare in gemeentes. Die eise wat aan hierdie persone gestel word, raak groter en in baie gevalle moet ekstra planne gemaak word om finansieel in die gemeente en op persoonlike vlak te kan oorleef.

Terselfdertyd dra hierdie persone ook die belange van elke lidmaat en die vooruitgang van hulle gemeentes op die hart.

In baie gevalle is slegs ‘n oproep, ‘n besoek of gebed, ‘n bedagsame, helpende hand al wat hulle nodig het om self weer moedig hul taak te verrig. Kom ons maak dit in 2020 ook ‘n prioriteit om met liefde na hierdie persone uit te reik.

6. NHSV KANTOOR

Ons opregte dank aan Mevv. Rozelda Nel en Jeanette Fourie wat die NHSV kantoor op so ‘n professionele wyse hanteer. Dankie vir die kundigheid, vriendelikheid en hulp wat u aan elke dame bied wat navraag doen en hulp of raad nodig het. U is voorwaar twee dames wat ons NHSV se naam eer aandoen. Kontak hulle gerus by die volgende e-pos adresse:

Rozelda Nel: admin@nhsv.org.za
Jeanette Fourie: finansies@nhsv.org.za

Mag 2020 vir u ‘n voorspoedige en geseënde jaar wees. Mag u elke dag omring word met aangename en opbouende geselskap.

Ons spreek die hoop uit dat u daagliks die *liefde lééf* en self *positiewe verskilmakers* in ons gemeentes en gemeenskappe sal wees.

NHSV Groete

(get) WILNA KOEKEMOER
SEKRETARIS
NHSV HOOFBESTUUR